Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

# Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Julie 1997 July

In die vorige uitgawe het ek genoem van die oulike boekie, *The Village Carpenter*, wat ek gelees het. Ek is 'n ywerige leser van houtwerkboeke en -tydskrifte en so met die jare saam het ek, teen 'n aardige bedraggie, 'n goeie boekery opgebou. Dis nou net hier waar die geneuk begin - sien, ek kan nie verby 'n boekwinkel [of hardeware winkel] stap nie. Ek kry dan ook eerste koers na die tydskrifte afdeling en dan na die houtwerkboeke. Dis loutere plesier om so deur hulle te blaai en na al die projekte, tegnieke, wenke en diesmeer te kyk.

Die verskeidenheid en omvang van die onderwerpe is iets om oor huistoe te skryf - elke denkbare faset van ons stokperdjie word aangespreek. Daar is dik boeke, maer boeke, lang boeke en kort boeke. Boeke met kleurprente en boeke met sketse of fotos, Brits en Amerikaans. Gooi maar gerus 'n ogie oor die boeke wat bv by Hardware Centre beskikbaar is. Party het baie en goeie inligting en ander weer minder. Daar is egter een ding wat hulle almal in gemeen het - **hulle is peperduur** [wat is nie?].

Toe ek *Practical Woodworking* vir die eerste maal gekoop het, het dit my net mooi R3.50 gekos. Dit het daarna vir 'n paar jaar op sewe Rand iets gestaan. *The Woodworker* daarinteen het dubbel soveel gekos ten spyte van die feit dat die Britse prys presies dieselfde vir albei tydskrifte was. Ek het sover gegaan om vir CNA te skryf om bietjie lig op hierdie verskynsel te werp. Tot vandag toe het ek nog geen antwoord ontvang nie. En, toe eensklaps, iewers in verlede jaar, spring *Practical Woodworking* na R29.95 [R6.00 duurder as *The Woodworker]*. Dis om van naar te word. Saam gaan *Practical Woodworking, Good Woodworking, The Woodworker en Traditional Woodworking* [almal Britse tydskrifte] jou die aardige bedraggie van R115.60 per maand kos. As jy dan nog die Amerikaanse tydskrif, *Fine Woodworking* ook koop, dan moet man maar begin ligloop vir vroulief. Dan praat ons nie eers oor boeke nie.

Die probleem is dat elkeen van hierdie tydskrifte interessante en leersame leesstof bevat. 'n Mens kan seker verslaaf word aan hierdie tydverdryf, maar gelukkig is dit nie so dodelik soos dwelms en ander dinge nie. Die vraag is, wat staan 'n man te doen? Dit lyk mos vir my asof iemand of iets daarop uit is om al die lêkker lewensplesiertjies soos treinry, piekniek ...ens, van ons te wil ontneem. Iemand sê "selektief lees ou maat", maar wat om te selekteer? "Selfdissipline" sê 'n ander. Dis 'n moontlike opsie, maar dit werk nie altyd nie. Miskien is die oplossing om "saamleeskringe" , soos saamryklubs, te stig. Vier manne koop maandeliks een tydskrif en dan ruil hulle ondermekaar uit.

Tot volgende keer, lêkker lees.

## Previous Meeting

Once again our Aids and Gadgets evening was most interesting and full of surprises. Oom Ben and his demo on cane work was a big hit and enjoyed by all. I believe there is a shortage of two-pronged male and female wead-eater type plugs, thanks to Hennie from Bethal, who presented a simple solution to metres of tangled powertool cables in the workshop. Thanks to all the participants and to Deon Geyser who arranged the evening.

*Kennisgewings*
Notices

**Jan Swanepoel** is op soek na 'n meerdoellige kloukop vir 'n houtdraaibank.
As u kan help kontak hom asb by [H]012-6619177 of[W] 011-3163420.

Vir die wat belangstel in die rottangmat en ander goeters wat Ben du Randt gebruik het, herhaal ons die adres:
*Theron's Foam*
*Voortrekkerweg 591*
*Gezina*
[H/v Ben Swart en Voortrekkerweg]

**Tel:** 76-1852 **Fax:** 76-1550

**Ben se tel no is 542-1540**

# Annual Exhibition and Function

As was decided the two happenings will be combined for this year. The venue will be the same as last year and the date is ***Saturday 8 November 1997***.

**Please note this in your diaries!**

Details of how to get there, demos that we are planning etc, will be published in a later edition of Tambotie.

I trust that the additional few weeks that are now available will enable you to finish your exhibition pieces. We had a good response last year and we are hoping that it will be even better this year.

# WATS EN AMPS

Na aanleiding van ons besprekings oor kwotasies en diesmeer het ons dit goedgedink om vir u 'n aanduiding te gee van die kostes verbonde aan die krag wat u in u werkskamer verbruik.
[Dankie Corrie vir die info]

| Kraginset(Watt) | Koste/uur(BTW insl) |
|---|---|
| 150w | 4.1c |
| 250w | 6.93c |
| 350w | 9.7c |
| 450w | 12.42c |
| 550w | 15.2c |
| 650w | 18.00c |
| 850w | 23.5c |
| 950w | 26.3c |
| 1000w | 27.75c |
| 1100w | 30.5 |
| 1200w | 33.3c |
| 1300w | 36.07c |
| 1400w | 38.8c |
| 1500w | 41.6c |
| 1700w | 47.1c |
| 1800w | 49.95c |
| 1900w | 52.7c |
| 2000w | 55.5c |

# Projek Plank

Met die dat ons uitstalling verskuif het na November het die Bestuur dit goed geag om Projek Plank uit te stel na ons Oktober byeenkoms. U het dus 'n paar bonusweke bygekry om u planke te misvorm.

Soos verlede jaar gaan ons weer die eindprodukte van Projek Plank tydens die uitstalling vertoon. Ek vertrou dat daar al fluks gevorder word in die verband.

N/S: Ek lees dat Wits se *Project Plank* 'n sukses was. Die weninskrywing was 'n horlosie/barometer kombinasie; tweede 'n miniatuur "Welsh dresser" en derde plek was 'n 21ste verjaarsdag sleutel.

For those interested, the address of **Trevor Pershouse** is: Black & Decker (SA), 2 Letchwe Street, Randtjiesfontein, Corporate Park, Midrand.

Postal: Suite 107, Postnet X65, Halfway House 1685. Tel: [011] 314-4431 Fax: [011]314-4435

# DRAAIERS SUB-GROEP

Tydens die afgelope bestuursvergadering is daar besluit om, by wyse van proefneming, met 'n subgroep vir draaiers te begin. Die besluit is enersyds geneem met die doel om 'n geleentheid te skep vir draaiers om meer gereeld bymekaar te kom en andersyds om belangstelling vir hierdie dissipline aan te wakker.

Met die uitsondering van die een of twee draaidemonstrasies wat gedurende die jaar gereel word, is daar geen ander draaigerigde aktiwiteite wat in die Vereniging plaasvind nie.

Almal wat 'n belangstelling in draaiwerk het en begerig is om hulle tegnieke te verbeter en iets nuuts te leer, is welkom om by die groep aan te hak.

**Roger Courtney** het aangebied om die bal aan die rol te sit en sal graag met ons volgende byeenkoms met belangstellendes wil gesels.

## Next Meeting

This is going to be a turning demonstration and is scheduled for Wednesday 30 July 97 starting at 18h00. The venue is once again Hardware Centre.

The demonstration will be presented by **Schalk van Niekerk,** one of the top turners from Johannesburg Woodturners. I beleive he is going to demonstrate the turning of a U -formed hollow shape. It promises to be very interesting and we hope to see you all there.

## Our Address


The Editor Tambotie
PO Box 50993
Wierda Park
0149

Telephone and Fax : [012] 654-5785


# LAAANK IN DIE TAND !

So met die opstel van die nuwe ledelys het ek my oog laat gaan oor die manne wat, volgens hulle lidmaatskapnommers, al lang pad stap saam met die Vereniging. Soos julle kan sien is **At Smit** die "oudste" van die 10 langs - dienende lede wat ek identifiseer het. Baie dankie kêrels vir julle voortgesette ondersteuning en betrokkenheid EN SO OOK AAN AL DIE ANNER OU LEDE.

| No | Naam |
|---|---|
| 4 | At Smit |
| 10 | Kobus van Zyl |
| 13 | Johan duToit |
| 25 | Andre le Roux |
| 34 | Bokkie Lotz |
| 36 | Roger Courtney |
| 46 | Monty von Elling |
| 50 | John Snyman |
| 56 | Louis vd Merwe |
| 57 | Don Moody |

## *Workshop Crawls*

## *Werkswinkel Safaris*

The annual workshop crawls are drawing closer. For the benefit of our new members it entails visiting the workshops of 3 or 4 other members during one evening or Saturday morning.

Workshops are grouped as far as possible to coincide with the suburbs. **Deon Geyser**, who is arranging the crawls, has requested that members who are willing to have their workshops visited, to please inform him so at our July meeting.

# A LOST CAUSE?

Sometime, early last year, I started writing about the TV cabinet I was making. It was also to be my piece for the exhibition. Well, it was never completed [to my wife's dismay] because of other external committments and because I developed a hang-up on the overall design. So it was conveniently "filed".

A few months ago, following a somewhat sarcastic remark of "firewood" cluttering up the workshop, I decided to revamp the design and give it another go - my honour was now at stake. So, I am happy to be reporting once again that the making is going on nicely and that I am actually enjoying it.

It was also a good oppurtunity to put my new *Triton Workcentre* to test. To date I am mighty pleased with it and, apart from the dust it generates, not being enclosed, it has been a joy to use. Both ripping and cross-cutting is smooth and accurate. The riving knife, mitre guide and parallel fence are a pleasure to use being easy to adjust and accurate. The latest cuts were mitres cut on 90 x 23mm *Rosewood* using the mitre fence set to 45 deg and locked to the table. All the cuts were perfect straight from the saw, something that I did not acheive with my late radial arm and table saw.

The router table is the next to be put through it's paces and I will be giving feedback in the next issue.

# Letter to the Editor

The writer of the following letter was adamant that I place it in the newsletter notwithstanding my plea not to do so.

" Early on the last Saturday morning of June I had to make a decision whether I should attend the demonstration by Vlooi van Rooyen on dovetail joints. I had made dovetail joints before with varying quality, none good and none to be proud of. They are hard work both in marking out and in the execution. So I thought.

Fortunately I decided to attend. I was surprised to find only four other enthusiasts there. Those that did not attend certainly missed a golden opportunity to learn.

Vlooi is a craftsman. Vlooi is also an expert demonstrator and a professional teacher. He starts at the beginning [aesthetics] and flows through the process at the right pace for the audience giving tips all the time. [ Do you know the correct grain orientation for drawer sides and which piece should have the tails - thicker or thinner piece ? - and more].

Vlooi had precut a double lapped dovetail and a through dovetail with mitre which were available for reference - these also established his qualifications to do the demonstration. They were perfect, beautifully so. Then he proceeded to mark out, cut and chop [so gently and accurately] tails and pins, giving advice and demonstrating his skills. Lastly, Vlooi produced the most exciting dovetail joint he had cut the night before - pins so fine that the end was the thickness of a fine dovetail saw! A masterpiece, a piece-de-resistance.

We were impressed. Never again will I view dovetail joints as a pain. For those who attended, dovetails are a challenge and a joy. We all thank Vlooi for the time and trouble he took to enrich our woodworking lives."

**--Dough Thompson**

[Thank you - Ed]

